Erfenisstigting-argief

**Verw. PV 14**

# INVENTARIS VAN TOM ANDREWS SE EMAGAMENI-VERSAMELING


Saamgestel deur: A. Mpe en V. Heunis

Junie 2007

Hersien: Petra Luus

Maart 2017

**Biografie:**

Thomas Edmund (Tom) Andrews is op 28 Oktober 1924 gebore. Van sy kinderdae af het hy ‘n belangstelling in die oorsprong van plekname gehad en soos wat hy ouer geword het het hierdie belangstelling gegroei. Sy tuiste was Emagameni genoem, ‘n Zulu-woord, wat beteken “Plek van Name”. Hy het ‘n addisionele studeerkamer aan sy huis gebou en dit die “Grunow-vertrek” genoem (die van van sy skoonpa). Die vertrek is later in ‘n private museum ontwikkel waar hy baie ure aan sy navorsing gewy het en die geskiedenis en oorsprong van plekname gedokumenteer het.

As gevolg van sy gespesialiseerde kennis oor vroeë Pretoria, het die media na Tom Andrews as “Mnr. Pretoria” verwys. Hy het ook gespesialiseerde kennis oor die Ou Pretoria Begraafplaas in Kerkstraat gehad en die geskiedenis van die mense wat daar begrawe is. Hy was ook vir nege jaar die Kurator van Fort Klapperkop Militêre Museum tot en met sy aftrede in 1992.

Tom Andrews het waardevolle insette vir die “Standard Encyclopaedia for Southern Africa” gegee en het verskeie boeke en kort publikasies oor plekname en Suid-Afrikaanse geskiedenis gepubliseer. Dit sluit in *Pioneer sketches* in 1983, *Street and Place Names of Old Pretoria* in 1989, *Transvaal Indigenous Place Names: Past and Present* in 1991 en *Pretoria’s Honoured Dead (Anglo-Boer War 1899-1902)* in 1999.

Tom Andrew het vir 38 jaar op die komitee van die Genootskap Oud Pretoria gedien. Hy was ‘n stigterslid van die voormalige “City Council of Pretoria Place Names Committee” waarvan hy 30 jaar lank lid was. Hy het ook vir 5 jaar op “War Graves Committee” gedien. Tom Andews was lief vir Suid-Afrika se geskiedenis en het meer as 470 toere na historiese plekke oral in Suid-Afrika onderneem.

Vir sy waardevolle bydrae en toegewyde navorsing oor Pretoria se geskiedenis en plekname, is Andrews vereer deur ‘n Merietesertifikaat vir Uitstaande Diens deur die Genootskap Oud Pretoria toegeken, Erelidmaatksap deur die Naamvereniging van Suider-Afrika en die Vooropstaande Presteerder vir die Uitnemendheidstoekenning (Gemeenskapsdiens) wat deur die burgemeester van die voormalige Stadsraad van Pretoria oorgehandig is.

Tom Andrews is op 5 Julie 2002 oorlede. Sy dogter, Denise le Roux, skryf: “He left a lifelong legacy of valuable articles, books and information of Pretoria and Southern African Place Names that will benefit generations of South Africans irrespective of race, colour or religion.”.

**Biography:**

Thomas Edmund (Tom) Andrews was born on 28 October 1924. Since his early childhood he had a keen interest in the origin of place names and as he grew older he continued his research and interest in place names prospered and expanded. His home was called Emagameni, a Zulu word meaning “Place of Names”. He even built an additional study called the Grunow room (the surname of his father-in-law) which later developed into a private museum where he spent countless hours doing his research and documenting the history and origins of place names.

His specialised knowledge on early Pretoria resulted in the media referring to Tom as “Mr. Pretoria”. He also had specialised knowledge about the Old Pretoria Cemetery in Church Street and became a recognised authority on the history of the people buried there. He also was the curator for the Fort Klapperkop Military Museum for 9 years until his retirement in 1992.

He gave valuable input for the Standard Encyclopaedia for Southern Africa and published numerous books and short publications on the topic of place names and South African history such as *Pioneer sketches* in 1983, *Street and Place Names of Old Pretoria* in 1989, *Transvaal Indigenous Place Names: Past and Present* in 1991 and *Pretoria’s Honoured Dead (Anglo-Boer War 1899-1902)* in 1999.

He served on the committee of the Old Pretoria Society for 38 years, was a founder member of the former City Council of Pretoria Place Names Committee and served on the committee for 30 years and he also served as a member of the War Graves Committee for 5 years. Andrews loved South African history and conducted over 470 tours to historical sites all over South Africa.

For his valuable contribution and dedicated research to Pretoria’s history and place names he was awarded a Certificate of Merit for outstanding service in the Old Pretoria Society, an Honorary Membership of the Names Society of Southern Africa and the Pre-Eminent Achiever in Excellence Award (Community Service) handed over by the Mayor of the former City Council of Pretoria.

Tom Andrews passed away on 5 July 2002. Denise le Roux, Tom Andrews’s daughter writes: “He left a lifelong legacy of valuable articles, books and information of Pretoria and Southern African Place Names that will benefit generations of South Africans irrespective of race, colour or religion.”.

**Bespreking van die versameling se rangskikking en inhoud**

Komposisie en samestelling

Die grootste gedeelte van die versameling is in boekformaat met handgeskrewe aantekeninge oor die name van verskillende dorpies en plekke. Die aantekeningboeke is alfabeties ingedeel volgens die voormalige vier provinsies:
Oranje-Vrystaat (Vrystaat) het pienk bladsye
Natal (KwaZulu-Natal) het blou bladyse
Kaap (Oos-Kaap, Noord-Kaap en Wes-Kaap) het geel bladsye
Transvaal (Gauteng, Mpumalanga, Noord-Wes, Limpopo) het wit bladsye

Ander dokumentasie, gepubliseerde boeke, knipselplakboeke, ens. vorm ook deel van die versameling, maar daar is gedurende die sorteringsfase en tydens gesprekke met die familie besef dat die versameling glad nie volledig is nie en dat die grootste gedeelte van die versameling tydens 'n veiling verkoop is – o.a. ook Tom Andrews se foto-versameling van Ou Pretoria.

Voorskrifte vir toegang

Daar is geen voorskrifte vir toegang nie. Die versameling is oopgestel vir alle lede van die publiek vir raadpleging. Navorsers moet egter deurentyd erkenning gee aan Tom Andrews en die gebruik van die Emagameni-versameling as hulle van sy werke aanhaal of as bronne gebruik.

Omvang

Ongeveer 6 rakke.

Eervolle vermelding

Eervolle vermedling word gegee aan Tom Andrews wat die versameling opgebou het.

Verbandhoudende materiaal

Primêr
Foto's van Ou Pretoria van die oorspronklike Tom Andrews-versameling is by Rosa Swanepoel, die outeur van die Pretoria Geselsbrief (rosa.s@absamail.co.za).

Sekondêr
Daar is verkeie ander bronne in die Erfenissentrum Biblioteek wat ook handel oor plek- en straatname.

**Inhoudsopgawe:** **Bl:**


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Registers en verwysings | 1 |
| 2. | Komitees | |
| | 2/1 Official Place Names Committee | 1 |
| | 2/1/1 Agendas en notules | |
| | 2/1/2 Navorsing | |
| | 2/1/3 Ensiklopedie | |
| | 2/2 Pretoria City Council Place and Street name Advisory Committee | 2 |
| | 2/2/1 Agendas en notules | |
| | 2/2/2 Korrespondensie | |
| | 2/2/3 Lyste | |
| | 2/3 Old Pretoria Society | 2 |
| | 2/3/1 Korrespondensie | |
| | 2/3/2 Lyste | |
| | 2/4 Stadsrade van ander provinsies | 3 |
| | 2/4/1 Lyste | |
| 3. | Oranje-Vrystaat | 3 |
| 4. | Natal | 3 |
| 5. | Kaap | 4 |
| 6. | Transvaal | 5 |
| 7. | Boeke / Tydskrifte / Nuusbriewe | 7 |
| 8. | Ensiklopidieë | 11 |
| 9. | Koerantknipsels | 11 |

10. Poskaarte 12

11. Sertifikate 12

12. Elektroniese materiaal 12